Die Sonde van Pornografie!

Eseg 23:14 Ja, sy het nog meer gehoereer; **toe sy manne sien wat op die muur afgeteken was, afbeeldinge van die Chaldeërs, geteken met rooiminie;**

Eseg 23:16 net toe sy hulle sien, het sy na hulle gesmag en boodskappers na hulle gestuur, na Chaldéa toe.

Bronnelys

http://www.godandscience.org/doctrine/pornography_and_christians.html

http://www.cbn.com/spirituallife/CBNTeachingSheets/pornography.aspx

http://www.covenanteyes.com/2009/11/24/why-are-so-many-christians-addicted-to-porn/

http://www.afa.net/detail.aspx?id=2147484807

http://www.whatchristianswanttoknow.com/how-to-overcome-an-addiction-to-pornography-help-for-struggling-christians/#ixzz2VLJwQFKB

http://www.equip.org/articles/darkening-our-minds-the-problem-of-pornography-among-christians/

http://www.mind-armor.com/staggering-statistics

http://www.bpnews.net/BPnews.asp?ID=35406

http://diskbooks.org/tb.html [Bundy]

http://www.prophecynewswatch.com/2013/May21/214.html#vbJexhiUdjYQzAIK.99

Middelblad Skets - Past Tienie Hendricks

Die Sonde van Pornografie.

Die definisie van Pornografie:
Pornografie kom van die Griekse woord "**porneia"**, wat beteken 'seksuele imoraliteit'. Dit word beskryf as ongeoorloofde seksuele aktiwiteite. **"Graph"** beteken om te skryf, te teken of uit te beeld. Pornografie het dus te doen met die uitbeelding van ongeoorloofde seksuele aktiwiteite deur middel van die geskrewe woord, of deur videos, tydskrifte of die internet .

DIE SKRIFTUURPLAAS OP DIE BUITEBLAD (Eseg 23:14-16)

Eseg 23 meld van twee vrouens,die dogters van een moeder met die name van **"Ohôla en Ohôliba"**wat in Egipte gehoereer het in hul jeug. **Vers 12** daar was n gesmag na die seuns van Assur,almal begeerlike jongmanne. **Vers 13** Altwee het dieselfde weg bewandel. **Vers 14** Ja, sy het nog meer gehoereer; **toe sy manne sien wat op die muur afgeteken was ……** ('n gees van wellus was opgewek by bovermelde hoere,deur te kyk na PORNOGRAFIE wat op die muur afgeteken was met rooiminie;) **Vers 16** Net toe sy hulle sien, [die manne op die muur afgeteken] **het sy na hulle gesmag ….. "Pornografie in egipte 600vC"**

TEREGSTELLING - DIE DOODSTRAF

GOD is so gestreng in die huwelik wat 'n heilige instelling is,dat teregstelling ingestel was vir OWERSPEL = 'n derde persoon betrokke in die huwelik. **Lev 20:10** En as iemand OWERSPEL doen met 'n man se vrou, OWERSPEL doen met sy naaste se vrou, moet hy en sy wat owerspel doen, **sekerlik gedood word.**

WAT Sê JESUS IN DIE NUWE TESTAMENT !!!

(Joh 8 Die owerspelige vrou) Vers 3 En die skrifgeleerdes en die Fariseërs het 'n vrou wat in egbreuk **(owerspel)** betrap was na Hom gebring.**Vers 4(b)** sê hulle vir Hom: Meester, hierdie vrou is op die daad van egbreuk betrap; **Vers 5** en Moses het in ons die wet bevel gegee om sulke vroue te stenig; **(teregstel)** maar U, wat sê U ? **Vers 11 (b)** En Jesus sê vir haar: Ek veroordeel jou ook nie**. <u>Gaan heen en sondig nie meer nie</u>. Jesus het hierdie owerspelige vrou se sonde nie goedgekeur nie, maar haar weggestuur met 'n waarskuwing om nie meer te sondig nie. Danksy die bloed van Jesus Christus wat al ons sondes vergewe.** Ons moet dit bely en laat staan. **Spr 28:13** Hy wat sy oortredinge bedek, sal nie

voorspoedig wees nie; maar hy wat dit bely en laat staan, sal barmhartigheid vind. **Psm 38:19(b) ek is bekommerd oor my sonde.**
1 Joh 1:9 As ons **ons sondes bely,** Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.

MOET NIE DWAAL NIE !!!

1 Kor 6:10 Moenie dwaal nie ! Geen hoereerders of afgodedienaars of egbrekers **(owerspeliges)** of **wellustelinge** of **sodomiete** of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beêrwe nie. {Die skuldige aan genoemde sondes sal dus die hemel mis !!!!!!! U moet dus bely en laat staan. MOET NIE DWAAL NIE !}

Die **Woord van die Here verbied enige seks buite die huwelik**. Wanneer ons seksuele sondes doen, breek ons die beskermende mure van God, om ons en ons huwelik af. Die huweliksdaad is **'n heilige daad** wat bedoel is vir **binne die huwelik**.

Enige seksdaad buite die huwelik **vereer** satan, en pornografie val ook in hierdie kategorie. (Gr = PORNEIA)

Gal 5:19 En die **werke van die vlees** is openbaar, naamlik **owerspel, hoerery,** onreinheid, **ongebondenheid**;
Gal 5:20 afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap;
Gal 5:21 afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge, waarvan ek julle vooraf sê, soos ek al vroeër gesê het, **dat die wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie.**

Die woord **'hoerery',** [vers 19] in **Engels** - **"fornication"** word vertaal uit die **Griekse woord** - **porneia** uitgespreek - ***por-ni'-ah,*** die **wortel van ons Engelse woord "pornography".**

Efes 5:5 Want dit moet julle weet dat **geen hoereerder[*por-ni'-ah]*** of onreine of gierigaard, wat 'n afgodedienaar is, **'n erfdeel het in die koninkryk van Christus en van God nie.**
Efes 5:6 Laat niemand julle met ydel woorde verlei nie, want daardeur **kom die toorn van God oor die kinders van die ongehoorsaamheid.**

As jy dink jy kan pornografie geniet en nog steeds 'n Christen wees hoop jy blindelings **teen die duidelike stellings van die Skrif.** Dissipels van Christus lees hul **Bybels, geestelike boeke, en** nie die vuil boeke van pornografie en ander onsedelike literatuur nie. Elke keer as jy terug trek in jou wêreld van **wellus**, sluit jy die deur in God se gesig.
Wanneer jy jouself dus isoleer in 'n kamer en **pornografie geniet**, is jy nie siek nie, **jy doen sonde.** Jy het omgang met 'n rekenaar of met die bladsye van 'n publikasie. In effek het jy 'n erotiese ervaring met die redakteur - waarskynlik 'n ander man. En terwyl jy fantaseer met daardie kommersieël geproduseerde beeld - Besef jy dat daar duisende ander is wat betrokke is in erotiek met dieselfde beeld, op dieselfde tyd as jy? Jy is deel van 'n walglike groep van perverses, almal vasgenael voor dieselfde beeld. En iewers, in die agtergrond, is daar 'n seksueel abnormale redakteur besig om die mate van sy erotiese magte te geniet.

Die probleem is dat jy vandag meer verslaaf is as wat jy 'n jaar gelede was. **Die lus wat jy geskep het is onversadigbaar.**

Pornografiese satisfaksie is soos die pot goud aan die einde van die reënboog - altyd net buite bereik. Die begeertes van pornografie trek 'n mens net dieper in die donker tonnel van die belofte totdat hy ontdek hy het die lewe en die liefde gemis. Pornografie vernietig jou vermoë om 'liefde te maak,' en vervang dit met die vermetelheid om jou vrou te gebruik en te misbruik.

Pornografie en 'n vrou is nie alternatiewe maniere om die dieselfde drang te bevredig nie. Die drang na 'n vrou is 'n natuurlike drang, terwyl die drang na pornografie 'n bewerkte, verdraaide passie is wat niks te doen het met liefde en die huwelik nie.

God het die mens geskape met 'n seksuele drang na die teenoorgestelde geslag, maar hy het ook vir ons 'n stuurwiel en 'n rem gegee en ons rig en beheer ons drange.

Spr 9:17 Gesteelde waters is soet, en brood in die geheim geëet, is lekker.
Spr 9:18 Maar hy weet nie dat dáár skimme is, dat **haar genooides in die dieptes van die doderyk is nie.**

Die gebruik van pornografie en jou kinders.

Bitter min mense besef die invloed wat die gebruik van pornografie in die geesteswêreld uitoefen.

Pappa, jy leef nie in 'n geïsoleerde sigbare wêreld nie! Ons leef net soveel in 'n geesteswêreld ook, waar ons regverdige engele vind, maar ook bose, gevalle engele. Ons is omring met bose geeste wat hulle toespits op die morele verval van die mensdom. Die kinders van godvresende ouers word beskerm teen hierdie bose geeste onder die morele sambreel van die ouers.

Wanneer die vader egter sy gedagtes oorgee aan bose **wellus**, verwyder hy hierdie muur van beskerming om sy gesin en nooi die bose geeste om in sy huis in te kom. Om hulle weg te wens gaan niks help nie. Enige gebede wat jy bid vir die veiligheid van jou kinders word gediskwalifiseer die oomblik dat jy die bladsye van 'n pornografiese boek oopmaak of begin staar na die elektroniese beelde. **Hierdie elektroniese pornografie open die weg na die geestes onderwêreld.** Wanneer jy snags in jou bed daardie vuil pornografiese beelde lê en oordink, gaan die demone nie net in jou eie gedagtes bly nie. Hulle sal haastig na die slaapkamers van jou kinders beweeg en hulle skoon en onskuldige siele en liggaampies aanval. Vuil idees sal in hulle gedagtetjies opkom - gedagtes wat deur jou vuil denkpatrone geformuleer is, en aan hulle oorgedra word deur gretige demone. Jou hulpelose, onskuldige kindertjies sal deur hierdie demone gevange geneem word, en **jy** is die skuldige persoon wat die 'deur' vir hulle wawyd oopgemaak het.

Pornografie = Egbreek

Wanneer 'n getroude man pornografie gebruik, pleeg hy egbreek volgens **Matt 5:28.** Hy is ook besig om dit wat aan sy vrou behoort, onregmatig van haar te weerhou. In werklikheid **steel** hy dit van haar en gebruik dit vir sy eie plesier.

Die tiengebooie leer ons **Exo 20:14 Jy mag nie egbreek nie. (Die sewende gebod)**

Exo 20:17 Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; **jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie,** of sy dienskneg of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie. **(Die tiende gebod)**

Jesus stel nog hoër standaarde:Mat 5:27 Julle het gehoor dat aan

die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie egbreek nie.
Mat 5:28 Maar **Ek [JESUS]** sê vir julle dat **elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het.**
Mat 5:29 As jou regteroog jou dan laat struikel, ruk dit uit en gooi dit weg van jou af; want dit is vir jou beter dat een van jou lede vergaan en nie jou hele liggaam in die hel gewerp word nie.

Hier leer Jesus ons dat, indien nodig, ons **drastiese stappe** moet neem om op te hou sondig. [Beslis nie om met wellustige oë na ander vrouens te kyk nie.]
Job 31:1 Ek het 'n verbond gesluit met my oë: hoe sou ek dan ag gegee het op 'n jonkvrou?
[Job 31:1 I DICTATED a covenant (an agreement) to my eyes; how then could I look [lustfully] upon a girl? {Amplified Bible}**]**

Spreuke waarsku ons om nie die **onpeilbare mag** van **visuele verleiding te onderskat nie.**
Spr 6:25 Begeer haar skoonheid nie **in jou hart nie**, en laat sy jou nie vang met haar ooglede nie;
Spr 6:27 Kan iemand vuur in sy skoot dra sonder dat sy klere verbrand?

Ook 1 Kor 6 leer ons:
1Kor 6:10 Moenie dwaal nie! Geen **hoereerders** of **afgodedienaars** of **egbrekers** of **wellustelinge** of **sodomiete** of **diewe** of **gierigaards** of **dronkaards** of **kwaadsprekers** of **rowers sal die koninkryk van God beërwe nie**

1 Kor 6:13(b) ..... En die liggaam is nie vir hoerery nie, maar vir die Here; en die Here vir die liggaam.
1Kor 6:15 Weet julle nie dat julle liggame lede van Christus is nie? **Sal ek dan die lede van Christus neem en dit lede van 'n hoer maak?** Nee, stellig nie!
[Een van die Engelse vertalings stel dit so: .... **" and unite them with a prostitute?"**]

God se Woord leer ons gewoonlik om **sterk te staan** in die oorlog teen die bose, maar in hierdie gedeelte leer die Woord ons om te **vlug**, en sommer haastig ook! Wanneer ons wegvlug van gevaar, doen ons dit nie teen die spoed van 'n verkleurmannetjie , of skilpad nie! Nee, ons probeer die spoed van 'n volstruis [tot 70km per uur] of jagluiperd [ongeveer 110km per uur] ewenaar!

1Kor 6:18 Vlug [hardloop weg, soos 'n Josef van ouds**] vir die hoerery**. Enige sonde wat 'n mens doen, is buite die liggaam; maar wie hoerery bedryf sondig teen sy eie liggaam.
1Kor 6:19 Of weet julle nie dat julle liggaam '**n tempel is van die Heilige Gees** wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julself behoort nie?
1Kor 6:20 Want **julle is duur gekoop**. **Verheerlik God dan <u>in julle liggaam</u> en in julle <u>gees</u> wat <u>aan</u> <u>God</u> <u>behoort.</u>**

Pornografie dikteer dat die bevrediging van **jou eie begeertes** al is wat saak maak. Dit veroorsaak gebroke huwelike, vervreemde en gemollesteerde kinders, verpletterde jongmense en degenerasie van woonbuurte, en **besoedel jou gees**. En die vervaardigers en promoveerders daarvan en deelnemers daaraan, gee nie 'n duit om vir die skade nie.

1Pet 2:11 Geliefdes, ek vermaan julle as bywoners en vreemdelinge om julle te onthou van **<u>vleeslike</u> <u>begeertes</u>** wat stryd voer teen die siel;
1Tim 5:22 ..... **Hou jou rein**.

Studies het aangetoon dat **Pornografie** net so verslawend is as alkohol en dwelms. Die brein stel endorfiene vry wat 'n aangename sensasie veroorsaak en die begeerte wek om die ondervinding weer en weer te ervaar. Die **ontdekking** van pornografie lei tot **herhaling** en uiteindelik tot **verslawing**. Geleidelik weef dit rondom sy gebruikers 'n altyd stywer wordende ketting van verslawing aan die impulse van seksuele instinkte wat net gebreek kan word deur **die bloed van JESUS.** Ongelukkig gaan hierdie verslawing altyd maar van erg na erger. Die tonele word al meer eksplisiet (vir normale mense walgliker) en waaghalsig. Later word geweld teenoor die **'voorwerp' van plesier** ingebring. En op die einde is dit nie meer genoeg om al daardie geweld **net te sien** nie, jy moet ook daaraan deelneem. **Tagtig persent van alle reeksmoordenaars het erken dat hulle gebruikers van pornografie was.**

'n Afhanklikheid wat die individu verswak, die natuur van immoraliteit het en sy impak op 'n persoon se vermoëns uitoefen word in die Skrif beskryf as **'verslawing' .**
Spr 5:22 Sy eie ongeregtighede vang hom, die goddelose, en **in die <u>vangstrikke</u> <u>van</u> <u>sy</u> <u>sonde</u> <u>word</u> <u>hy</u> <u>vasgehou.</u>**
Petrus beskryf die vals belofte van vryheid deur immoraliteit so:
2 Pet 2:18 Want deur trotse woorde vol onsin uit te spreek, verlok

hulle deur **begeerlikhede van die vlees** en **ongebondenheid** die wat waarlik die mense ontvlug het wat in dwaling wandel.

2Pet 2:19 Hulle belowe vryheid aan hulle, terwyl hulle **self slawe** van die verdorwenheid is; **want waar 'n mens deur oorwin is, daarvan het hy ook 'n slaaf geword.**

Ted Bundy

Een van die mees ongewilde **seksmisdadigers en** van die eeu, **Ted Bundy**, het in 'n onderhoud met Dr James Dobson, van "Focus on the Family", op 23 Januarie 1989 erken dat hy 'n strawwe gebruiker van pornografie in al sy vorme, was. Hy was 'n **reeksmoordenaar** en is in hegtenis geneem nadat hy 'n 12 jarige skooldogter uit 'n skoolterrein ontvoer het en wreed seksueel aangerand en vermoor het.

Hy het ook gesê dat hy glo dis sy verslawing aan **geweldadige pornografie,** wat hom laat afdaal het na die goddelose put van **seksgeweld en moord.**

Hier volg sy eie woorde: " . . . You reach that jumping off point where you begin to wonder if maybe actually **doing it** will give you **that which is beyond just reading about it or looking at it . . . "**

Daar is 'n 'oorsaak en gevolg' effek in die gebruik van **hardekern pornografie en misdaad.**

Bundy: ". . . I've met a lot of men who were motivated to commit violence just like me. And without exception, **every one of them was deeply involved in pornography . . . "**

Bundy was gedryf deur 'n bose, bonatuurlike mag om hierdie dade te pleeg. Hy was te oningelig om te besef dat dit 'n **demoniese mag** was wat hom vir daardie oomblik beset het. Hy het dit soos volg gestel: "... I have been possessed by something so awful and so alien, and then the next morning to wake up from it, to remember what happened..."

Hy het die noodsaaklikheid dat hy gestraf moes word vir sy dade besef en self erken: **". . . I deserve, certainly, the most extreme punishment society has and society deserves to be protected from me and from others like me, that's for sure."**

Hy is die volgende dag tereggestel in die elektriese stoel.

Die **tragedie** van hierdie verhaal is dat Bundy, in 'n 'normale' Christelike huis grootgeword het. Hy het liefdevolle ouers gehad, wat gereeld met hul gesin kerk toe gegaan het, en geen mishandeling of molestering in sy vormingsjare beleef het nie. **MAAR** op 13jarige ouderdom het hy en sy maats in die buurt vir die eerste keer met pornografie kennis gemaak deur middel van sekstydskrifte wat
iemand weggegooi het. En so .... deur die jare, het dit net van erg na erger gegaan. **[KAN ons as ouers ooit besef hoe versigtig en wakker en waaksaam ons oor die heil van ons kinders moet wees?]**

Pornografie vermoor jou gewete

Paulus beskryf hierdie mense soos volg:

Efes 4:18 mense wat **verduisterd is in die verstand** en vervreemd van die lewe van God **deur die onkunde wat in hulle is vanweë die verharding van hulle hart; [**unteachable spirit**]**

Efes4:19 wat **ongevoelig geword het** en **hulle oorgegee het aan die ongebondenheid** om in hebsug**[KJV** - **greediness** = **gul**-**sigheid] allerhande onreinheid te bedrywe.**

C. S. Lewis het hierdie **selfaanbidding en seksuele fantasieë** soos volg beskryf: "It is a harem of imaginary brides. And this harem, once admitted, works against a man ever getting out and really uniting with a real woman. For the harem is always accessible, always subser-vient, calls for no sacrifices or adjustments, and can be endowed with erotic and psychological attributes which no real woman can rival. In the end, they become merely **the medium through which he increasingly adores himself."**

Pornografie is van die duiwel! WIE sal pornografie kerk toe neem en daar, daarna gaan kyk? Niemand nie, want hulle **WEET** dit is verkeerd.

Verwyder dit uit jou huis, deur dit te vernietig **[verbrand dit** - **dink aan Ted Bundy]**, en vra Christus om die vloek daaraan verbonde met SY bloed uit te wis. Bid en vra HOM om vergifnis vir jou optrede en die ongelukkigheid wat jy oor jou huis en jou eie huwelik gebring het. **En weerstaan die duiwel.**

Jak 4:7 Onderwerp julle dan aan God; **weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug.**

Satan gaan beslis weer terug kom en weer probeer daarom moet jy **ten bloede toe weerstand bied.** Met al die mag en die krag wat die Here graag tot jou beskikking wil stel as sy bloedgewaste kind. **Heb 12:4** Julle **het nog nie ten bloede toe weerstand gebied in julle stryd teen die sonde nie.**

Wees versigtig waarmee jy jouself besig hou.

Spr 4:23 Bewaak jou **hart [denke]** meer as alles wat bewaar moet word, want **daaruit is die oorspronge van die lewe.**

Moenie toelaat dat seks videos en TV programme, tydskrifte, ens jou huwelik vernietig nie. Dit **kan** en dit **sal**, as jy dit toelaat in jou lewe. Die huwelik is heilig voor God, en Satan doen alles in sy vermoë om huwelike te vernietig en ongelukkig te maak.

Heb 13:4 Laat die huwelik in alle opsigte eerbaar wees en die bed onbesmet **[ook in jou hart/gedagtes];** want God sal hoereerders en
egbrekers oordeel.

Baie mense maak hulleself wys dat dit 'n "onskuldige plesiertjie" is, maar is dit regtig?

Pornografie **kan** jou huwelik vernietig en **pornografie-verslawing is allermins 'n "klein probleempie" . . . net God alleen kan u help.**

God se grense.

God stel **GRENSE** vir ons eie beswil. Die wêreld is heeltemal opgeskeep met seks, en die sosiale en elektroniese media het hier 'n geweldige groot bydrae gelewer.

God het **seks <u>in</u> die huwelik ingestel**, as 'n Godgegewe geskenk aan twee persone van die teenoorgestelde geslag wat mekaar liefhet en deur die huwelik aan mekaar verbind is. **(natuurlike liefde)** Daar kan baie vinnig na kinders van die Here, wat seksuele losbandigheid aanspreek, verwys word as **'outyds'** en **'verkramp'**, en mense kan hul eie losbandigheid as **'volwasse'** beskryf, maar **nie-**

mand kan **die verwoestende uitwerking** van daardie selfde **losbandigheid** en **pornografie** in ons samelewing miskyk nie.

Die gevolge van seksuele immoraliteit is onmiskenbaar. Die geskiede-nis bevestig dat immoraliteit oor die eeue heen een van die groot faktore was wat tot die **verbrokkeling en ineenstorting van gemeen-skappe en volke** gelei het.

Dis nie sonder baie goeie rede dat God sulke duidelike riglyne oor die seksuele gegee het nie. Hy is immers die Een wat die mens ook as 'n seksuele wese gemaak het. Trouens, **al die morele wette en voorskrifte** wat God aan ons gegee het, is **slegs tot ons eie beswil en voordeel.**

God is nie 'n pretbederwer nie – ook nie wat seksualiteit betref nie. Die riglyne en lewensbeginsels van die Bybel het hul oorsprong by Hóm wat ons oneindig lief het en wat vir ons net die beste wil gee. Die grense wat Hy vir ons stel, is nie om ons van die vreugdes van die lewe te beroof nie, maar **juis om ons die beste van die lewe te laat geniet.**

God het oorspronklik beplan dat seksualiteit 'n ervaring van **vreugde en geluk** sal wees waardeur **die man en sy eie vrou** saamgesnoer sal word. Ongelukkig het dit vir baie mense 'n oorweldigende, proble-matiese en verwarrende ervaring geword. Deels omdat pornografie **'n al groter rol** in sommige mans [en sommige vrouens] se lewens speel as gevolg van die maklike toegang tot, en beskikbaarheid daarvan.

Huwelike word as gevolg van pornografie vernietig en individue beleef emosionele en seksuele probleme as gevolg van die neweeffekte van pornografie. Die invloed van pornografie op 'n verhouding is wydver-spreid en dit verhoog daagliks. Onlangse studies in Amerika en Brittanje toon aan dat pornografie 'n kern-probleem vir verhoudings geword het. 'n Groot persentasie getroude mans kyk op 'n gereelde basis na pornografie en dit begin volgens dieselfde studies betekenisvolle rolle in egskeidings speel **omdat dit die respek, vertroue en seksuele bande in 'n verhouding ernstig skaad.**

Daar is selfs **paartjies** wat saans voordat hulle gaan slaap na pornografiese films kyk. Die mans word opgewek deur na die vroue in die film te kyk en die vroue op hulle beurt weer deur na die mans te kyk. Daarna gaan hulle bed toe en het seks, maar in werklikheid nie met mekaar nie. Die man het die seks **eintlik** met sy **fantasie-vrou** en die vrou met haar **fantasie-man** alhoewel die deelnemers nie fisies teenwoordig is nie. Elkeen is **besig om plesier op sy eie te hê** met **sy maat se liggaam**. Eintlik **misbruik** hulle hul huweliksmaats se liggame. Ons besef dit klink verskriklik, maar dit is waarop dit neerkom. Bybelse seks is gegrond daarop dat **huweliksmaats vir mekaar** plesier wil verskaf.

Die verwoestende invloed van pornografie op vroue.

Hierdie vroue se mans kyk na pornografie en daarna misbruik hulle hul vroue se liggame. Hierdie vroue het seergekry op die mees kwesbare gedeelte in hulle lewe: hulle maats se **toewyding en getrouheid**. Om betrokke te wees by mans wat emosioneel en op seksuele vlak verbind is tot pornografie kan vir vrouens voel of hulle geliefdes 'n ander verhouding buite die huwelik het.

Hierdie vroue wonder heeltyd oor hul eie aantreklikheid en seksualiteit. 'n Verslaafde se vrou voel altyd bedreig want haar man se meisies bly jonk en mooi. Sy voel dat sy nie eers kan probeer om met die ander vroue te kompeteer nie. Sy meisies is altyd beskikbaar en beheerbaar en natuurlik is hulle enigste doel om hom gelukkig te hou. Dit is onmoontlik om met sulke vroue te kompeteer. 'n Verslaafde se vrou het dit so saamgevat:
"How can I compete with hundreds of anonymous others who are now in our bed, in his head? Our bed is crowded with countless faceless strangers, where once we were intimate. "
New York Times, 16 May 2000

Seksueel/pornografie verslaafdes is geneig om hulle maats **emosioneel** tot **onderdanigheid te tiraniseer**. Sulke vroue het naderhand geen selfbeeld meer oor nie want hulle glo dat hulle nie eens hulle mans seksueel kan bevredig nie.

Pornografie verslaafdes se maats is die eensaamste mense op aarde want hulle begryp nie wat met hulle gebeur nie. Soms dink hulle: as ek net vrou genoeg was sou my man nie sy behoeftes op ander plek moes bevredig nie.

Dit is natuurlik 'n leuen want **al was sy die Porno Koningin**, sou hy nog na die prentjies gekyk het **want die probleem lê <u>in</u> hom,** in sy gees, en dit het niks met haar te doen nie. Sy het dit nie begin nie, al sê hy vir haar dat sy die oorsaak is. Sy sal ook nie sy gedrag gestaak kry nie, al verander sy ook in alle opsigte!

Pornografie degradeer vroue oor die algemeen. Dit veroorsaak dat hulle beskou word as 'n **seks voorwerp** en **sonder enige respek behandel word.**

Zimmerman en Bryant, het gevind dat aanhoudende blootstelling aan pornografie 'n man se basiese idee van seksualiteit in die algemeen, en vrouens in besonder, affekteer. Hulle het ook opgemerk dat blootstelling aan pornografie die kyker se begeerte na afwykende gedrag soos sado-masochisme verhoog en dat hy ongevoelig word teenoor verkragting.
[Sado-masochisme= die gee/ontvang van genot - dikwels seksueel - deur die veroorsaking/ondervinding van pyn en vernedering]

Donnerstein van die Universiteit van Wisconsin het tot 'n soortgelyke gevolgtrekking gekom, en dat selfs 'n kort blootstelling aan gewelddige pornografie, gelei het na 'n antisosiale houding en gedrag.

Kliniese Sielkundige - Victor Kline het tot die gevolgtrekking gekom dat mans wat pornografie gebruik op 'n gereelde basis, **verhoogde agressie** in hul houding en gedrag openbaar, meer oor verkragting fantaseer en ook 'n gepaardgaande **ongevoeligheid vir verkragtingslagoffers** toon.

Studies gedoen deur Dolf Zimmerman van die Universiteit van Indiana, en Jennings Bryant van die Universiteit van Houston, bevind dat herhaalde blootstelling aan pornografie 'n verminderde satisfaksie met huweliksmaats veroorsaak, asook sy/haar seksualiteit en seksuele merkwaardigheid. Hulle heg ook minder waarde aan getrouheid en het 'n verhoogde belangstelling in die belangrikheid van seks sonder 'huweliksbande'. Pornografie veroorsaak dat 'n huweliksmaat minder getrou word. Dit veroorsaak ook dat die huweliksmaat minder dink aan die intimiteit wat veronderstel is om in die huwelik gevind te word, soos deur GOD bepaal. God het seks geskep as iets heilig tussen 'n getroude man en sy eie vrou. Pornografie vernietig die heiligheid en reinheid wat GOD daar gestel het. Die Bybel leer ons dat getroude paartjies tevrede moet wees met mekaar. (En nie van mekaar mag onttrek nie, behalwe in vas en gebed met n wedersydse ooreenstemming vir n tyd

lank, en kom dan weer bymekaar sodat die satan julle nie in versoeking bring deur julle gebrek aan selfbeheersing nie. **1Kor 7:5** - **Vers 2** Maar vanweë die hoererye moet elke man sy eie vrou hê, en elke vrou moet haar eie man hê. (HAT Woordeboek: Huwelik = Wettige verbintenis tussen twee persone van teenoorgestelde geslag.)

Spr 5:18 Mag jou fontein geseënd wees, en verheug jou oor die vrou van jou jeug—
Spr 5:19 die lieflike wildsbokkie en aanvallige steenbokkie; laat haar boesem jou altyd vermaak, mag jy in haar liefde gedurigdeur bedwelmd wees. **[<u>en nie bedwelmd in die liefde van pornografie nie" !!!!!!</u>]**
Spr 5:20 Maar waarom sou jy, my seun, by ‘n vreemde bedwelmd raak en die boesem van ‘n ontugtige omhels?

Pornografie verswak en skeur huwelike uitmekaar

Dit verskeur die eenheid in die huwelik - seksueel, sowel as emosioneel, wat essensiëel is vir die instandhouding van 'n stabiele huwelikslewe. In die lig hiervan beskadig pornografie die vermoë van sy gebruiker om die deurlopende eenheid binne die huwelik te handhaaf. Pornografie is nie skadeloos nie. Dit skend die 'een vlees' standaard wat GOD daar gestel het, of 'n man nou getroud of ongetroud is.

Navorsers Dolf Zimmerman en Jennings Bryant het vasgestel dat voortdurende blootstelling aan pornografie die gebruiker se begeerte na seksuele kontak en gedrag **buite die huwelik** verhoog.

Die skryfster Diana Russel het gevind dat die gebruik van pornografie by mans en vrouens **konflik, lyding en seksuele ontevredenheid** veroorsaak.

Kerke behoort ernstig standpunt in te neem teen pornografie, nie slegs omdat dit seksueel van aard is nie, **maar** omdat dit **geweldadig** en **degraderend** teenoor vroue is **en huwelike vernietig.**

By 'n groot vergadering van 'n hele paar duisend "Christen" mans het meer as 50% van hulle bely dat hulle die afgelope sewe dae gebruik gemaak het van pornografie.

Die meeste predikers vermy hierdie skandelike onderwerp, en dié wat dit wel noem hanteer dit as 'n 'swakheid' wat Christene moet oorkom deur berading. Dit is hoegenaamd nie die waarheid nie. Pornografie is SONDE en geen SWAKHEID nie, slegs die bloed van JESUS CHRIS-

TUS kan reinig van sonde. **Opb 1:5(b)….. en ons van ons sondes GEWAS HET IN SY BLOED.**

Pornografie vermoor baie mense geestelik , elke dag.

Dit distansiëer die mens van GOD: (jou gebed kan nie deurdring nie dit kom sovêr as die plafon. Rigters 16:20(b) Want hy "Simson"het nie geweet dat die Here van hom gewyk het nie.) Vir sommige mense is dit nie belangrik nie, maar vir die kind van GOD is niks belanriker as om in 'n persoonlike verhouding met ons Saligmaker te wees.

Pornografie kan lei tot ander sondes: Wanneer iemand aan dwelms verslaaf raak, begin hy nie met "crack" of "cocaine" nie. Hulle begin met verslawing aan alkohol, "pot" of iets minder ernstig, maar dit hou gewoonlik nie daar op nie. Wanneer dit nie meer werk nie, soek hulle iets sterker. Dieselfde tipe ding gebeur met pornografie. Mense begin deur te kyk na 'sagte' pornografie (as daar so iets is), en op die einde verander dit in die gebruik van hardekern pornografie. Wanneer die persoon nie meer bevredig word daarmee nie, wend hulle hul na films met tonele van verkragting en geweld teenoor vroue, en dit lei daartoe dat hulle later al hierdie dinge self toepas op vroue in die samelewing.

Pornografie versteur die mens se hart en gedagtes:
Die oog is inderdaad die lamp van die liggaam.

Mat 6:22 Die lamp van die liggaam is die oog. As jou oog dan reg is, sal jou hele liggaam verlig wees.

Mat 6:23 Maar as jou oog verkeerd is, sal jou hele liggaam donker wees. As dan die lig in jou donkerheid is, hoe groot is die donkerheid nie!

Wanneer iemand se oog gedurig blootgestel word aan 'duisternis', dan kom daar 'n versteuring in die persoon se denkvermoë. Dit is dan ook in hierdie verdonkering van die oog "geestelike blindheid" dat pornografie die sprong neem en die moraal afbreek.

1Kor 15:33 Moenie dwaal nie; slegte gesprekke bederf goeie sedes.

Die impak op die gemoed en gedagtes van die Christen wat gedurig blootgestel word aan die verkeerde tipe kommunikasie is onmeetbaar.

Verbode sekspraktyke volgens die Bybel.

1. **Homoseksualiteit:** Seks met dieselfde geslag.
   Lev 18:22 Met ‘n manspersoon mag jy ook geen gemeenskap hê soos ‘n mens met ‘n vrou het nie. Dit is ‘n gruwel.
   Lev 20:13 En as ‘n man met ‘n manspersoon gemeenskap het soos ‘n mens met ‘n vrou het, het hulle altwee iets gruweliks gedoen. Hulle moet sekerlik gedood word. Hulle bloedskuld is op hulle.
2. **Bestialiteit:** Seks met diere.
   Lev 18:23 En jy mag met géén dier vleeslike gemeenskap hê om jou daardeur te verontreinig nie. ‘n Vrou mag ook nie voor ‘n dier gaan staan om daarmee te doen te hê nie. Dit is ‘n gruwelike vermenging.
   Lev 20:15 En as ‘n man vleeslike gemeenskap het met ‘n dier, moet hy sekerlik gedood word, en die dier moet julle doodslaan.
3. **Bloedskande:** Seks met 'n naby familielid.
   Lev 18:6 Niemand van julle mag naby sy naaste bloedverwant kom om die skaamte te ontbloot nie. Ek is die HERE.
4. **Hoerery:** Seks tussen twee ongetroude persone.
   Exo 22:16 As iemand ‘n jongmeisie wat nie verloof is nie, verlei en met haar gemeenskap het, moet hy haar vir die volle huweliksprys as sy vrou koop.
5. **Owerspel:** Seks met iemand anders se huweliksmaat.
   Lev 20:10 En as iemand owerspel doen met ‘n man se vrou, owerspel doen met sy naaste se vrou, moet hy en sy wat owerspel doen, sekerlik gedood word. (n derde persoon betrokke in huwelik)
6. **Verkragting:** Seks wat op 'n vrou afgedwing word.
   Deut 22:25 Maar as die man die verloofde dogter in die veld kry en die man haar aangryp en met haar gemeenskap het, moet die man wat met haar gemeenskap gehad het, alleen sterwe;
7. **Prostitusie:** Seks teen betaling.
   Lev 19:29 Ontheilig jou dogter nie deur haar vir hoerery aan te hou nie, sodat die land nie hoereer en die land vol skandelike dade word nie.

Om die erns van hierdie oortredings te beklemtoon was die straf daarvoor in die meeste gevalle - **die doodstraf. (reeds genoem bl 3)**

Al hierdie genoemde kategorieë is **ryklik verteenwoordig in pornografie**, maar die enigste aanvaarbare form van seksuele uitdrukking - tussen 'n getroude man en sy eie vrou - is geheel en al afwesig. **HOE KAN DIT DAN KORREK EN AANVAARBAAR**

WEES?

Seksuele gemeenskap binne die huwelik, trek die paartjie nader aan mekaar - fisies, emosioneel en geestelik. In teenstelling daarmee, bring pornografie slegs stimulering en vervulling van jou eie wellus.

Die Innerlike Mens

Jesus beklemtoon die belangrike invloed van die 'innerlike mens'.

Mar 7:21 Want **van binne, uit die hart van die mense**, kom die **slegte gedagtes, egbreuk, hoerery, moord,**

Mar 7:22 diewery, hebsug, boosheid, bedrog, losbandigheid, afguns, lastering, hoogmoed, dwaasheid.

Mar 7:23 Al hierdie booshede kom van binne uit en maak die mens onrein.

Ook Paulus het geskryf:

Efes 4:17 Dit sê en betuig ek dan in die Here, dat julle nie meer moet wandel **soos die ander heidene ook wandel in die verdwaasdheid van hulle gemoed nie—**

Efes 4:18 mense wat verduisterd is in die verstand en vervreemd van die lewe van God deur die onkunde wat in hulle is vanweë die verharding van hulle hart;

Efes 4:19 wat ongevoelig geword het en hulle oorgegee het aan die ongebondenheid om in hebsug **allerhande onreinheid te bedrywe.**

Efes 4:23 en **dat julle vernuwe moet word in die gees van julle gemoed**

Efes 4:24 en j**ulle met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid.**

Ons mag nie aan die wêreld gelykvormig word en soos hulle optree deur ook pornografie te beoefen nie.

Rom 12:2 En **word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie,** maar **word verander deur die vernuwing van julle gemoed**, sodat julle kan **beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.**

Jak 4:4(b) Wie dan vriend van die wereld wil wees,word n vyand van GOD.

In die huwelik

Paulus het geleer dat die man en vrou in die huwelik na me-kaar se seksuele behoeftes moet omsien.

1Kor 7:3 Die man moet aan die vrou die verskuldigde welwillendheid bewys, en net so ook die vrou aan die man.
1Kor 7:4 Die vrou het nie mag oor haar eie liggaam nie, maar die man; en net so ook het die man nie mag oor sy eie liggaam nie, maar die vrou.
1Kor 7:5 Onttrek julle nie aan mekaar nie, behalwe met wedersydse ooreenstemming vir 'n tyd lank om julle aan vas en gebed te kan wy; en kom weer bymekaar, sodat die Satan julle nie in versoeking bring deur julle gebrek aan selfbeheersing nie.

Die Bybel gee vir ons 'n duidelike grondslag van hoe 'n man sy vrou moet behandel.

Efes 5:25 Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, **soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het**
Eph 5:28 So behoort die mans hulle **eie vroue lief te hê soos hul eie liggame.** Wie sy eie vrou liefhet, het homself lief;

Pornografie veroorsaak dat mans hul vrouens verag en verneder.
1Pet 3:7 Net so moet julle, manne, verstandig met hulle saamlewe en aan die vroulike geslag, **as die swakkere, eer bewys**, omdat julle ook mede-erfgename van die genade van die lewe is—sodat julle gebede nie verhinder mag word nie.

Hoe kan jy jou vrou so liefhê soos Christus [HY het gesterf daarvoor] die gemeente gehad het, as jy geen respek vir haar het nie. **Hoe kan jy respek vir haar hê, as jy haar slegs sien as die voorwerp van jou seksuele bevrediging.** Pornografie leer dat 'n vrou se waarde lê in hoe sy lyk en wat sy seksueel vir jou kan doen. Dit is baie ver verwyder van wat die Skrif ons leer. Jy moet jou vrou eer en respekteer en is veronderstel om haar lief te hê.

Navorsing toon dat wanneer mans later in hul lewe terugkyk, meer as 80% erken dat pornografie skadelik was vir hulle en hul huwelike.

Ons kom dus tot die gevolgtrekking dat pornografie mense aanmoedig om ander mense te gebruik vir hul eie selfsugtige en soms sadistiese genot. Dit vernietig mense se morele standaarde, en stimuleer 'n

begeerte na seks, eerder as om lief te hê en te versorg. Dit bedreig, en vernietig somtyds huwelike.

Pornografie is dikwels 'n faktor in verkragtings en geweld teenoor vroue. Dit is nie 'n skadelose, onskuldige aktiwiteit nie - dit is gevaarlik en vernietigend.

Daar is ook weinig verkragters, molesteerders en pedofiele wat nie vooraf aan pornografie blootgestel was nie.

Statistieke met betrekking tot Pornografie.

In Suid-Afrika is bevind dat 80% van alle video's wat in hotelkamers gehuur word, pornografies van aard is.

In 'n studie van veroordeelde kindermolesteerders is gevind dat , 77% van die wat seuns molesteer het, en 87% van die wat meisies molesteer het, bevestig het dat die gebruik van pornografie bygedra het tot die uitvoering van hul misdade.

• 66% van die 18-34 jarige mans wat internet gebruik kyk na aanlyn pornografie, ten minste eenkeer per maand.

• Die grootste gebruikers van Internet pornografie is 12-17 jariges.

• 90% van 8-16 jariges het pornografie op die internet gekyk.

• Ongeveer 83% van pornografie verslaafdes is mans en 17% vroue.

• Pornografie word gebruik deur 87% van manlike Kollege studente en 31% vroulike studente.

• 70% van 18- tot 24-jaar oue mans besoek pornografie webwerwe elke maand

• 88% van die pornografie videos wat ondersoek is bevat fisiese geweld en agressie teenoor vroue.

• In 56% van alle egskeidings het een party obsessiewe belangstelling in pornografie.

• 70% van Christelike mans het erken dat hulle 'n probleem het met pornografie in hul lewens

• 50% Christen mans en 20% Christen vroue het erken dat hulle verslaaf is aan pornografie.

• 55% Predikers het erken dat hulle gereeld pornografie webwerwe besoek.

Ongeveer 40,000 Amerikaners is seksueel betrokke by die Internet.

2,5 biljoen e-posse per dag is pornografies van aard.

72 miljoen internet gebruikers besoek pornografiese webtuistes per jaar.

Ten minste 20,000 volwasse Amerikaners besoek internet sekswebtuistes vir 11 ure per week.
In 2004, was daar 372 miljoen pornografiese webtuistes; 2.5 biljoen e-posse; 100,000 Webtuistes wat onwettige kinderpornografie aanbied; en 72 miljoen jaarlikse wereldwye besoekers aan pornografiese webtuistes. [Internet Pornography Statistics. Internet Filter Review, 2004.]

9.3 miljoen vroue besoek 'volwasse' webtuistes elke maand. [Internet Pornography Statistics. Internet Filter Review, 2004.]

Vir elke 10 mans in die kerk, is 5 verslaaf aan pornografie. [The Call to Biblical Manhood. Man in the Mirror, 6 July, 2004.]

In 68% van alle egskeidings het een party 'n 'nuwe liefde' oor die internet ontmoet.

4.2 miljoen pornografiese webtuistes met altesaam 420 miljoen bladsye. (http://archkck.org)

Die Internet is groot faktor in 2 uit 3 egskeidings. (American Academy of Matrimonial Lawyers in 2003 - divorcewizards.com)

Pornografie en kinders:

• Een uit 17 kinders, die ouderdom van 10-17 was gedreig of geteister oor die Internet in die jaar 2000. [Report Statistical Highlights. National Center for Missing & Exploited Children,Crimes Against Children, Office of Juvenile Justice and Delinquency Prevention,2000.]

Insidente van kinder seksuele uitbuiting het gestyg van 4,573 in 1998

tot 112,083 in 2004, volgens die Nasionale Sentrum vir vermiste en misbruikte kinders. [USA Today Snapshots, 17 February, 2005.]

Die gemiddelde ouderdom vir die eerste blootstelling aan pornografie is 11jaar. [Internet Pornography Statistics. Internet Filter Review, 2004.]

Kinderpornografie genereer $3 biljoen jaarliks. [Internet Pornography Statistics. Internet Filter Review, 2004.]

Die Bybel Waarsku Ons Teen Haar

Ja, die Bybel waarsku ons teen haar! Teen wie? Teen die vrou, hoer, prostituut - watter naam haar ook al mag pas (Die twee susters **Ohôla** en **Ohôliba** van Eseg 23 bl 3 van die skrywe, die manne op die muur afgeteken (pornografie) wat daarvan hou om haar liggaam te gebruik en te laat gebruik/tentoon te stel EN uit te beeld in pornografie.

Spr 7:10 En kyk, daar kom 'n **vrou** hom tegemoet, **SOOS 'N HOER AANGETREK** en listig van hart- (kleredrag kan gedefinieer word)
Spr 7:25 Laat jou hart nie afwyk na haar weë nie, dwaal nie rond op haar paaie nie.
Spr 7:26 Want **baie is die gesneuweldes wat sy laat val het**, en **talryk almal wat deur haar vermoor is.**
Spr 7:27 Haar huis is weë na die doderyk, wat a**fdaal na die kamers van die dood.**

Jong mans**, laat verse 26 en 27 julle nie sidder nie?** Dit is nie slegs navorsing wat bewys dat enige seks buite die huwelik uiters nadelig vir die mens is nie, God se Woord waarsku ons ook. Hierdie is maar net een, van vele skrifgedeeltes.

Dan wil ons gesels met die jong dames. **Lees vers 10** baie stadig en aandagtig deur. Ons wil die gedeelte **"soos 'n hoer aangetrek"** beklemtoon. Wat leer hierdie teksvers jou? Ons dink dit leer ons dat 'n hoer, 'n sekere tipe kleredrag dra, en dat sy daaraan uitgeken kan word. Skilder nou vir jouself 'n prentjie van daardie kleredrag in jou gedagtes. Hoe dink jy het sy gelyk? Hoe het haar klere gelyk? As jy nou deur **jou** klerekas werk - hoeveel van jou klere voldoen aan die prentjie wat jy in jou gedagtes gevorm het van 'n hoer se kleredrag? Wil jy in GOD se oë lyk soos 'n hoer?

Julle moet altyd onthou modes word dikwels ontwerp deur seksmal,

siek, pornografie verslaafde mans. Hulle wil hê jy moet so kaal as moontlik loop. **Hulle** besluit dis mode as jou rokkie so kort is dat jy dit nie kan waag om te buk om jou selfoon op te tel, wanneer dit geval het . **Hulle** besluit dat jou hals uitgesny moet word tot op jou naeltjie. En as jy nie so kaal wil loop nie, dan moet jou klere jou liggaam soos 'n tweede vel pas. In hulle seks-siek breine wil hulle die hele wêreld se vrouens so kaal en afgeprent as moontlik sien. En dan verag en smaad hulle almal wat so lyk, want dit laat niks aan hul verbeelding oor nie. En agter hulle staan 'n **bose, mense-hater, by name Satan**. Hy wil die mens, wat na God se beeld geskape is, so ver as moontlik aftrek na sy bose vlak en besmet met sy bose planne en idees. [So word jy deur die teenoorgestelde geslag van agter bekyk wanneer jy by hulle verby beweeg op straat - uitlokkend vir verkragting]

As daar dan 'n klerestyl is waaraan jy uitgeken kan word as 'n hoer, moet daar mos ook een wees waaraan jy uitgeken sal word as 'n kind van GOD?

Ondersoek die Skrif elke dag soos die mense van Berea, in Hand 17. Daar is 'n antwoord op al ons vrae, in die Woord van God!

Die Bybel verdoem naaktheid.

In Lev 18 - leer ons dat ons nie die naaktheid van enigiemand, behalwe ons huweliksmaat mag aanskou nie.

'n Goeie voorbeeld.

In 125 NC, het 'n Atheense filosoof, Christian Aristides, aan sy koning verslag gelewer oor die seksuele gebruike van die Christen Kerk. Hy het gesê: Hulle [Christene] maak hulle nie skuldig aan owerspel en immoraliteit nie. Hulle vrouens, o koning, is so rein soos maagde, en hulle dogters is eerbaar en kuis. Hulle mans vermy enige onwettige seksuele kontak en vorm van onreinheid, in die hoop op 'n beloning wat gaan kom in 'n ander wêreld." (DIE HEMEL)

Mag die plaaslike koerante in hierdie siek era dieselfde verslag lewer oor GOD se manne, en die vroue en dogters onder hul liefdevolle leierskap.

Die Bybel is baie duidelik dat die manne van God moet wegbly van sekere sondes wat oorlog voer teen die siel:

1. Manne van God mag nie egbreek pleeg nie.

Exo 20:14 Jy mag nie egbreek nie. (Die sewende gebod Exo 20:14)

2. Hulle mag nie hul naaste se vrou begeer nie, al laat haar klere bitter min aan die verbeelding oor.

Exo 20:17 Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy dienskneg of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie. (Die tiende gebod)

3. Manne van God mag nie met prostitute deurmekaar raak wat hulle liggame gebruik as 'n handels-artikel wat hulle uitverhuur vir 'n lekker tyd of onsedelike foto's, nie.

Spr 23:27 Want ‘n hoer is ‘n diep kuil, en ‘n ontugtige vrou is ‘n nou put.
Spr 23:28 Sy lê ook en loer soos ‘n rower en vermeerder die ontroues onder die mensdom.

1Kor 6:15 Weet julle nie dat julle liggame lede van Christus is nie? Sal ek dan die lede van Christus neem en dit lede van ‘n hoer maak? Nee, stellig nie!
1Kor 6:16 Of weet julle nie dat hy wat ‘n hoer aanhang, met haar een liggaam is nie? Want die twee, sê Hy, sal een vlees wees.

4. Manne van God mag ook nie veelwywers wees nie, want hul aardse vader, [Adam] en hul Hoof, [Jesus] het elkeen net een vrou. [Eva en die Kerk.]

5. Manne van God mag nie ontugtiges wees wat hul hande, wat God gemaak het om HOM te loof, ontheilig by 'n vrou met wie hy nie wettig getroud is nie.

1Tim 2:8 Ek wil dan hê dat die manne op elke plek moet bid en **heilige hande ophef** sonder toorn en twis.

Gen 39:12 Toe gryp sy [Pótifar se vrou] hom [Josef] aan sy kleed en sê: Kom hou gemeenskap met my. Maar hy het sy kleed in haar hand laat agterbly en gevlug ... [Vlug vir die owerspelige sonde soos JOSEF] **EN VLUG VIR DIE SONDE VAN PORNOGRAFIE - VLUG NA JESUS!**

'n Unieke "blocker" vir die internet.

Daar word vertel van 'n sekere man wat besluit het om homself te beskerm teen pornografie en hy het die volgende gedoen. Hy het 'n "blocker" op sy rekenaar geplaas wat alle eksplisiete webtuistes geblok het. Elke keer dat hy probeer het om een van daardie webtuistes oop te maak, moes hy eers sy **"username"= "Wie is jy besig om te kruisig? " intik en daarna sy "Password" = "Jesus Christus".** 'n Uitstekende herinnering aan wat gebeur elke keer dat hy op 'n pornografiese webtuiste ingaan.

DIE HEMEL !!!

Opb 21:27 En daarin sal nie inkom iets wat verontreinig en gruwelikheid en leuns doen nie; maar net die wat geskrywe is in die boek van die lewe van die LAM.

Opb 22:20 Hy wat dit getuig, sê: Ja, Ek kom gou. Amen, ja kom, HERE JESUS !



Open 3:20 Kyk, **Ek staan by die deur en Ek klop.** As **iemand my stem hoor** en die **deur oopmaak**, sal **Ek ingaan na hom toe** en **saam met hom maaltyd hou, en hy met My.**

DIE DEUR KAN SLEGS, VAN DIE BINNEKANT AF OOPGEMAAK WORD.

Jesus se uitnodiging !!!!!

1Joh 1:9 As ons ons **sondes** bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig. **\ Psm 38:19(b) Ek is bekommerd oor my sondes !!!**

Tussen die **hemel** en die **hel** is daar 'n **kloof**—die kloof van die **ewigheid**. Hierdie kloof is **onoorbrugbaar**. Tussen die hemel en die aarde is daar ook 'n kloof—**die kloof van tyd**. Hierdie kloof is egter **oorbrugbaar** deur die **bloed van Jesus Christus.** U sal eendag self voor God moet staan en rekenskap gee van u lewe. U sal nie kan sê dat u nie geweet het nie.

Joh 12:48 Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom **oordeel**: die **woord** wat Ek gespreek het, dit sal hom **oordeel** in die laaste dag. \Hand 17:30 onkunde oorgesien

Jes 1:18 Kom nou en laat ons die **saak uitmaak**, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.

Amos 4:12 –.....maak jou klaar om jou God te ont-moet,.. "MARANATA=JESUS KOM SPOEDIG TERUG !

Saamgestel deur: Past Willie Horne
Posbus 872
KLEINBRAK
6503

(044) 696-5891

Epos: konanja333@gmail.com
Webtuiste: www.ramshoring.co.za

Indien u enige berading, geestelike hulp of gebed benodig, kan u ons kontak by bogenoemde kontak besonderhede.

Die Here seën U !!!

As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom,** het jy alles verloor.